**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer : LA122/05

In die saak tussen:-

**JOHN MPHO MATIWANE** Applikant

en

**DIE STAAT** Respondent

**CORAM:** VAN ZYL, R

**AANGEHOOR OP:** 15 DESEMBER 2011

**GELEWER OP:** 22 MAART 2012

[1] Applikant het as beskuldigde twee saam met 'n mede-beskuldigde in die Streekhof, Bloemfontein, tereggestaan op vier aanklagte, synde aanklag een, verkragting, aanklag twee, poging tot moord, aanklag drie, die onwettige besit van 'n vuurwapen en aanklag vier, die onwettige besit van ammunisie.

[2] Ten opsigte van aanklag een is dit beweer dat Applikant en sy mede-beskuldigde die nag van 1/2 September 2001 en

te of naby Bloemfontein, vir Nomthandazo Ramabele, ‘n volwasse vrou, verkrag het. Ten opsigte van aanklag twee is dit beweer dat Applikant en sy mede-beskuldigde die klaer, Mesh Njatela, met ‘n vuurwapen geskiet het met die opset om hom te vermoor. Wat betref aanklag drie, is dit beweer dat Applikant en sy mede-beskuldigde op of omtrent 24 September 2001 in die wederregtelike en onwettige besit was van ’n 9mm Norinco Pistool met magasyn en ten opsigte van aanklag vier is dit beweer dat Applikant en sy mede-beskuldigde op voormelde datum ook wederregtelik en onwettig in besit was van drie rondtes 9mm patrone.

[3] Applikant en sy mede-beskuldigde het op bogemelde aanklagte onskuldig gepleit. Applikant is egter skuldig bevind op al vier bogemelde aanklagte.

[4] Die Verhoorhof het daarop die saak vir oplegging van vonnis na die Hooggeregshof verwys soos voorsien in Artikel 52 van die Strafregswysigingswet, 105 van 1997. Ten tyde van hierdie verrigtinge in die Hooggeregshof, het my nou afgetrede kollega, Van Coppenhagen, R voormelde

skuldigbevindings bekragtig. Applikant is daarop deur Van Coppenhagen, R as volg gevonnis:

4.1 Aanklag 1, lewenslange gevangenisstraf.

4.2 Aanklag 2, tien jaar gevangenisstraf;

4.3 Aanklag 3, drie jaar gevangenisstraf; en

4.4 Aanklag 4, drie jaar gevangenisstraf.

Hoewel dit outomaties sou volg, is dit spesifiek gelas dat die vonnisse opgelê op aanklagte twee, drie en vier samelopend met die vonnis op aanklag een opgelê, uitgedien moet word.

[5] Applikant doen nou aansoek om verlof om te appelleer teen sy skuldigbevindings, sowel as die opgelegde vonnisse.

[6] Applikant se prokureur wat hom in die Verhoorhof verteenwoordig het, het ‘n pleitverduideliking aan die Hof voorgehou wat in wese daarop neerkom dat Applikant geen kennis dra van die pleging van die enige van die beweerde misdrywe nie.

[7] Applikant het in sy aansoek om verlof om te appelleer die

korrektheid van die wese van die bevindings van die Verhoorhof betwis. Me Kruger, wie namens Applikant ten tyde van die aansoek om verlof om te appelleer verskyn het, het in haar betoog volstaan met dit wat deur Applikant in sy aansoek om verlof om te appelleer ten opsigte van die skuldigbevindings, vermeld is.

[8] Na my mening blyk dit uit die Verhoorlanddros se uitspraak dat hy al die getuienis, wat insluit die dokumentêre getuienis en sekere formele erkennings wat namens Applikant gemaak is, behoorlik oorweeg het. Wat betref die verkragting as sulks, blyk dit duidelik dat die klaagster Applikant op geloofwaardige en betroubare wyse geïdentifiseer het as een van die twee persone wat haar die betrokke aand verkrag het. Haar identifisering van Applikant is ook bevestig deur getuienis wat betref die ooreenstemming tussen die DNA van Applikant en vaginale monsters wat vanaf die klaagster na die verkragting geneem is. Wat betref aanklagte twee, drie en vier, was dit, addisioneel tot die mondelinge getuienis wat Applikant in die verband impliseer, ook behoorlik deur die Staat bewys dat Applikant se palmafdruk op die betrokke vuurwapen ter sprake in aanklag drie, gevind is. Wat hierdie

aanklagte betref is ek ook oortuig dat die Verhoorlanddros die getuienis op behoorlike wyse geevalueer het ten einde tot sy gevolgtrekking van skuld te gekom het. Ten opsigte van al die bogemelde getuienis, moet dit ook vermeld word dat Applikant verkies het om ten spyte van ‘n *prima facie* saak wat teen hom uitgemaak was deur die Staat, sy saak te sluit sonder om getuienis ter weerlegging daarvan aan te bied.

[9] By nalees van die uitspraak van Van Coppenhagen, R, waarin die Verhoorlanddros se bevindings en gevolgtrekkings bekragtig is, blyk dit dat ook hy die uitspraak en die getuienis behoorlik evalueer het en dat sy gevolgtrekkings, soos dié van die Verhoorlanddros, behoorlik gefundeerd is.

[10] Gevolglik is ek van oordeel dat daar nie ‘n redelike moontlikheid bestaan dat ‘n ander hof tot ‘n ander gevolgtrekking sal kom wat Applikant se skuldigbevindings betref nie en kan Applikant se aansoek om verlof om te appelleer in die verband, derhalwe nie slaag nie.

[11] Wat die opgelegde vonnisse betref, is dit so dat in terme van

die Strafregswysigingswet, Wet 105 van 1997, is die voorgeskrewe minimum vonnis ten opsigte van verkragting in 'n geval soos die onderhawige, waar die klaagster deur meer as een persoon verkrag is, lewenslange gevangenisstraf, tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis regverdig en noodsaak. Van Coppenhagen R het in sy vonnis uitspraak bevind dat daar geen sodanige wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie. Me Kruger het betoog dat veral die feit dat Applikant drie jaar verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het, tesame met sekere andere faktore, kumulatief geneem wel tot gevolg kan hê dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat daar 'n ander hof tot die gevolgtrekking sal kom dat dit wel wesenlike en dwingende omstandighede daarstel wat die oplegging van 'n mindere vonnis dan lewenslange gevangenisstraf regverdig. Wat die opgelegde vonnisse ten opsigte van aanklagte twee, drie en vier betref, het sy betoog dat die opgelegde vonnisse skokkend swaar en onvanpas is. Mnr Zwini, namens die Staat, het daarenteen betoog dat daar nie 'n redelike moontlikheid bestaan dat 'n ander hof tot 'n ander gevolgtrekking sal kom wat betref die toepaslikheid van die

opgelegde vonnisse nie.

[12] By nalees van die uitspraak ten opsigte van vonnis deur Van Coppenhagen R, is dit duidelik dat hy wel die elemente van strafoplegging oorweeg het, synde die aard en erns van die misdryf, die persoonlike omstandighede van die Applikant en die belange van die gemeenskap. Dit blyk egter uit Van Coppenhagen R se uitspraak dat hoewel hy wel verwys het na die feit dat Applikant byna 3 jaar as verhoorafwagtende in hegtenis verkeer het, hy dit nie pertinent as faktor oorweeg het by die vasstelling of daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie. Dit blyk ook nie pertinent in ag geneem te gewees het by die oorweging van die vonnisse op die ander aanklagte nie. Wanneer hierdie termyn van gevangenisstraf in ag geneem word, tesame met die feit dat dit blyk dat die klaagster nie ernstige fisiese beserings of blywende emsionele trauma opgedoen het as gevolg van die verkragting nie, en die verkragting as sulks nie so gewelddadig en brutaal was dat dit as die ergste graad van verkargting gekategoriseer kan word nie (sonder om afbreek te doen aan die erns van alle verkragtings), meen ek dat die kumulatiewe effek hiervan wel tot gevolg het dat daar ‘n

redelike moontlikheid bestaan dat `n ander hof kan bevind dat hier wel wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van `n mindere vonnis dan lewenslange gevangenisstraf noodsaak en regverdig.

[13] Vanweë die feit dat, soos reeds vermeld, dit ook nie blyk dat die drie jaar verhoorafwagtende tydperk wat Applikant in hegtenis verkeer het by die oorweging van enige van die ander vonnisse in ag geneem is nie, is ek van oordeel dat dit tot gevolg het dat daar ook `n redelike moontlikheid bestaan dat `n ander hof tot `n ander gevolgtrekking kan kom wat die ander opgelegde vonnisse betref.

[14] Gevolglik is ek van oordeel dat Applikant se aansoek om verlof om te appelleer teen die opgelegde vonnisse, moet slaag.

[15] Derhalwe word die volgende bevele gemaak:

1. Applikant se aansoek om verlof om te appelleer teen sy skuldigbevindings, word van die hand gewys.

2. Applikant se aansoek om verlof om te appelleer teen die opgelegde vonnisse, word toegestaan.

**C. VAN ZYL, R**

Namens die Appellant: Adv. S. Kruger
In opdrag van:
Die Regshulpraad
BLOEMFONTEIN

Namens die Respondent: Adv. L. Zwini
In opdrag van:
Direkteur van Openbare Vervolging
BLOEMFONTEIN